

**Skrifgedeelte: Ester 2:12-23**

**Fokusgedeelte: Ester 2:17**

**Die HERE laat dit vir ons goed uitwerk**

Ons kon verwag het dat die koning so baie van Ester sou gehou het, want ons is bewus van die HERE wat hier aan die werk is.

Ester is eintlik magteloos, want alles hang oënskynlik van die koning en van sy smaak af. Dit alles lyk so willekeurig, so onseker en gevaarlik. Is dit nie die lewe nie? Die Heilige Gees leer ons met hierdie geskiedenis dat ons goeie HERE altyd in beheer is en Hy bestuur ons lewens. Die meeste van die kere kan ons dit eers sien as ons terugkyk.

Ons sal goed doen om dit te onthou, want meestal voel dit vir ons asof enigiets kan gebeur, alles is willekeurig, en hoe weet ons of dinge vir ons ten goede sal uitwerk? Alles lyk so onseker, so asof dit besig is om in die verkeerde rigting te loop. Ja, vir die mense wat nie ons HERE as God het nie, is dinge onseker en onvas.

Die geskiedenis van Ester wys weer vir ons dat ons HERE absoluut getrou is in sy goedheid aan ons. Ons as Nuwe-Testamentiese gelowiges het die voordeel dat ons die Here Jesus Christus ken as God se troue liefde.

Ons hoef nie meer bang en onseker te wees oor elke nuwe nag, of dag, of avontuur nie. Nee, ons het soveel vastigheid in ons goeie HERE dat die lewe en die toekoms vir ons vol mooi belofte is, want ons goeie en liefdevolle HERE bestuur ons lewe en ons wêreld.

Die Heilige Gees skenk aan ons rustigheid en vrede met die evangelie van ons Here Jesus Christus, daarom vind ons soveel troos en sekerheid in die openbaringsgeskiedenis van Ester. In die woorde van die apostel Paulus in Romeine 8: 28. *“Ons weet dat God alles ten goede laat meewerk vir dié wat Hom liefhet, dié wat volgens sy besluit geroep is.”*

*Sing: Skrifberyming 10:1, 2, 5, 6*

*Ds. TJ (Tommie) van Vuuren (Heilbron)*